**Vrydag 1 September**
**Skrifgedeelte: Psalm 51:1-18**
**Fokusgedeelte: Psalm 51:9, 14**
**Vergewe my tog my sondes, o Here, om Christus wil**

Daar is mense wat sê dat die mens in sondeloosheid gebore word. “Kyk tog net die onskuldige babatjie!” Maar laat die baba of kind nie sy sin kry, kyk dan hoe hy/sy die speelgoed uit die kot gooi. En as ons tot ons verstand gekom het as volwassene, wéét ons: die sonde lê en loer vir ons om elke hoek en draai. Tereg het NP van Wyk Louw in *Ballade van die Bose* gedig: “Ek is jou wese se ondergrond en ek trap in jou spoor soos ’n goeie hond.”

Daarom word aan die begin van Psalm 51 gesê dat Dawid hierdie psalm geskryf het toe die profeet Natan hom aangespreek het oor sy owerspel met Batseba. Later het moord gevolg om die owerspel te probeer toesmeer. Inderdaad, “ek was al skuldig toe ek gebore is”.

Maar wat is sonde? So vra baie mense. Laat ons nie sondelysies van dit en dat maak nie. Alles wat die verhouding tussen my en God verbreek, kom neer op ’n sondige situasie. Die vraag is nie wat is sonde nie, maar hoe word ek daarvan verlos? Dawid het Natan se vermaning ter harte geneem en sy sonde bely. “Ek het gesondig teen die Here” (2 Sam. 12:13). Waarop hy vergifnis van die Here ontvang het. En toe kan hy met sy lewe voortgaan.

Aangrypend is hoe hy verder bid dat die Here sy sonde moet wegneem. Dat God vir hom ’n rein hart moet gee. Die hart (brein, setel van die emosies) is die uitgange van die lewe. Wat jy dink, doen jy later.

Is jy terneergedruk, verbrysel (vs 10) vanweë die verbreekte verhouding tussen jou en God? Daar is ’n pad uit die sonde. Jesus Christus het gekom om daardie pad aan te wys. Deur sy kruis en opstanding het Hy kom regmaak wat stukkend geraak het tussen God en mens, en mens en mens.

Bid dan: “Here, ek het teen U gesondig. Vergewe my!” Dan vergewe God ons ons sondes – om Christus wil!

*Sing: Psalm 38-1:1, 17*

*Ds. JF Mouton (Koos) (emeritus)*